durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

23 Februarie 2020




**23 Februarie 2020, Preekreeks: #24/7 nie jou tannie NAGMAAL**

| | |
|---|---|
| 08:15 | **Klassieke diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Schalk van Wyk*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 10:00 | **Informele diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Schalk van Wyk*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |

**Deuroffer: Bediening aan Jode**

18:00 **@6 Diens**
*Stephanie Steenkamp*

**1 Maart 2020, Preekreeks #24/7 Pasop**

| | |
|---|---|
| 08:15 | **Klassieke diens**<br>Ouditorium<br>*Dr. Kobus de Jager*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 10:00 | **Informele diens**<br>Ouditorium<br>*Dr. Kobus de Jager*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |

**Deuroffer: Helpmekaar Studiefonds**

18:00 **@6 Diens**
*Arno Mattheus*

## Lydenstyd & Aswoensdag




Lydenstyd is 'n seisoen van 46 dae waarin die kerk met vreugde, erns en pyn die versoenende sterwe van Jesus verkondig, deur sy lyding in herinnering te roep en daarp te reageer in voorbereiding op die Paasfees.

Daar is sewe Lydensweke (Sondae) tot Paasfees. Ons begin dit tel op die Sondag voor Aswoensdag.

Ons vier God se ingryping in die geskiedenis van die mens, waar Hy sy liefde sigbaar gemaak het.

Reg oor die wêreld is ons met ander Christene eensgesind en bevestig ons deur al die eeue dat God se liefde en genade van die vroegste tye tot nou steeds in gelowiges se lewens sigbaar is.

Op Aswoensdag, die jaar op 26 Febr, doen ons berou en skuldbelydenis. Dit is deel van ons hertoewyding aan God.

In die ou dae is die as van palmtakkies van die vorige jaar se Palmsondag gemeng met olyfolie en op die voorkoppe van mense in die vorm van 'n kruis gesmeer as teken van hul hertoewyding.

In die dolle gejaag van die jaar in die tyd waarin ons leef klink die soos 'n ou-ou gebruik.

Tog moet elkeen van ons gereeld voor God stil word en ons verootmoedig. Ons moet kyk na ons motiewe en leefwyse.

Op hierdie dag wat ons NAGMAAL vier is dit vir ons 'n gulde geleentheid.

Die nagmaal kan teruggevoer word na die laaste maaltyd wat Jesus saam met sy dissipels gehad het. By die maaltyd het Hy die brood en die wyn as tekens verbind aan sy liggaam wat gebreek sou word en sy bloed wat gestort sou word. Die maaltyd is 'n herinnering aan die dood en die opstanding van Christus.

Daarom vier ons die nagmaal met blymoedigheid.

Mag jy vandag geseënd wees om deel van die geleentheid voor God te wees.

Mag jy opnuut geïnspireer word om jou hele lewe aan God toe te wy en vir jou naaste lief te wees.

Mag Bergsig God verheerlik.

## Maand oorsig:

23 Feb: Eerste Lydensweek
24 Feb: Kerkraadsvergadering
26 Feb: Aswoensdag
27 Feb: Seniors
29 Feb: Betesda-mark

1 Maart: Doop
6 Maart: Wêreldbiddag vroue
7 Maart: Wêreldbiddag vir mans
11 Maart: 18:00 Paasfees Biduur

## ONS DAAGLIKSE BROOD

"Die aarde en alles wat daarop is ... behoort aan die Here"



Koninkryksveldtog (Okt '19 - Febr '20)

| | |
|---|---|
| DOELWIT | R750 000 |
| INGESAMEL | R603 781 |
| **BENODIG** | **R146 219** |

Kontant / Koevert / EFT / Debietorder / Zapper / Snapscan

So baie mense en so baie sienings!!

Handelinge 20:35 sê:

**"om te gee, maak mens gelukkiger as om te ontvang."**

Dit is 'n feit veral as jy jou lewe,tyd, talente, vermoëns en SELFS jou finansies so hanteer, maar die belangrikste is om die Evangelie van God te gee - aan ander en nie vir jouself te hou nie.

**UITSIG GEMEENTE,**

# Vanuit die Uitreikkantoor ...

## Bergsigprojekte op ons voorstoep

### HOUSE OF GRACE INSTANDHOUDINGSWERK

Daar is heelwat instandhoudingswerk wat by bogenoemde projek gedoen moet word en ons benodig hulp met die volgende:

Die Hoofslaapkamer se badkamer het nie ‘n deur nie en die venster in hierdie kamer is besig om uit te val.

Daar is probleme met die opwasbak in die kombuis en daar word ook ‘n kas met ‘n opwasbak benodig vir die aparte opwasarea.

Verskeie krane in die huis is los en daar is ook krane wat nie meer in werkende toestand is nie.

Die motorafdak het afgewaai (slegs die raamwerk het bly staan). Hierdie area benodig ook ‘n veiligheidshek.

Die elektriese omheining is nie meer in ‘n werkende toestand nie.

Die huis benodig ‘n vars laag verf.

Skakel asb. vir Leonette Burger by 0824405662 indien u behulpsaam kan wees met enige van die bogenoemde items.



**Optrede by Green Patures**

Daar is ’n laptop afgelaai vir die House of Grace dogter. Ons is so bly vir Adri, want sy het gisteraand diplomas ontvang vir Geskiedenis, Engels en Lewensoriëntering. Al haar harde werk is beloon.



Poppe is spesiaal gemaak vir die dogters



**Opgewonde oor nuwe kar**



Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

## Bergsigprojekte oor grense

### Uitreik na HuaHin, Thailand Frontida

Liewe gemeente,

Na vele oorweging en gebed het Ds. Philip en Annamaré besluit om hulle uitreik na Andre en Marina te kanselleer en uit te stel tot later.

Bid asb vir ons sendelinge se beskerming en gesondheid, asook hulle volgehoue bediening en toewyding.

**Goeie dag Frontida vriende**
Dit gaan goed met ons hier in HuaHin. Ons is deeglik bewus van die uitbreek van die Corona virus en tref sover voorsorg. Die bywoning van Sondaemiddae se Bybelstudieprogram oor dissipelmaking groei steeds. Prys die Here daarvoor. Pastoor Nipon is baie positief oor die impak wat dit alreeds in ons gemeente het.

Ons het ook ’n baie susksesvolle tronkbesoek aan die 11 Suid-Afrikaners in die tronk in Bangkok gehad saam met 5 besoekers uit Suid Afrika. Baie dankbaar dat hulle ons hande kom sterker maak het.




Baie dinge gebeur van dag-tot-dag in ons bediening wat ons nie op sosiale media (FB) kan deel nie. Een so ’n voorbeeld is Frontida se weeklikse besoeke aan Mathias en sy vrou, Muang. Mathias is 72 jaar oud en is van Noorweë. Hy was twee en 'n half jaar gelede in ’n motorfiets ongeluk hier in Hua Hin waartydens hy erge breinskade opgedoen het. Hy benodig sederdien 24-uur versorging. Muang versorg hom alleen tuis. Frontida besoek hom Maandae saam met 3 ander van ons gemeentelede. Mathias en Muang is nog nie gered nie. Bid asb. saam met ons vir Muang dat sy, God se Vader hart sal ontdek en bid saam met ons vir Mathias dat sy gees sal oopgaan vir die Heilige Gees. In vlees het Mathias reeds gesterf.
Frontida help tans ook met vertaling van verskeie werkstukke rondom kerkplanting van Thai na Engels wat weer vertaal sal word na Burmees. Dit word gebruik om te help met kerkplanting in Myanmar.

Bid asb. vir Pastoor Nipon wat môre vir 5 dae na Myanmar sal reis om te gaan help met die voorbereiding om ’n susterskerk daar te gaan begin. Sodra visums uitgesorteer is sal André binnekort maandeliks vir ’n paar dae saam met Pastoor Nipon na Myanmar reis.

Ons twee weeklikse omgee bedieningsaande vorder ook gelooflik goed met gemiddeld 12 mense wat dit bywoon. Prys die Here ook vir elkeen se gehoorsaamheid.
Eerskomende Sondag is dit Andre se preekbeurt by ons kerk. Bid asb vir hom vir kennis, wysheid en insig.
Ons is baie dankbaar vir al die voorbidding en ondersteuning vir ons bediening hier in HuaHin, Thailand.

Seënwense Marina & André Olivier




Bergsig het ’n gebeds-WhatsApp-groep waarop ons gebedsversoeke van individue en die gemeente deel en dan saam daaroor bid. Indien jy deel wil wees van Bergsig se GEBEDSGROEP stuur asb. jou naam en nommer vir ds. Mizelle by 083 394 1101.

Indien daar iets in jou lewe, die gemeente of die samelewing gebeur waaroor ons ernstig moet bid,
stuur asb die gebedsversoek ook na ds Mizelle en sy plaas dit op die groep.

Om ’n lewe te leef sonder gebed is net so onmoontlik soos om te lewe sonder om asem te haal.

# Betesda-mark

Die Betesda Uitreikprojek vir Gestremdes se eerste maandelikse verkoping van 2020 vind plaas op Saterdag 29 Februarie by Bergsig Kerksentrum h/v Boland en Protea in Vierlanden Durbanville van 8:00 - 14:00

Boeke, CDs, DVDs en viniel plate word vir R10 verkoop. Koffie, tee, pannekoek, tuisgebakte pasteie en soetigheid en ander snuisterye is ook te koop.

Die projek ondersteun persone met een of ander gestremdheid of beperking wat fisies, intellektueel, emosioneel, geestelike kan wees. Dit sluit in die 7 inwoners vir persone met kwadruplegie in Gazellestraat, Uitzicht en die 5 kinders met ernstige en diepgaande intellektuele en fisiese gestremdhede van **Yarden Children’s Enrichment Centre** in Crownsingel, Vierlanden. Daar is ook ander individue in die gemeenskap wat baat vind by hierdie projek wie se identitiet ons beskerm.

Die projek maak dit moontlik vir kinders van **Durbanville Kinderhuis** en persone uit die gemeenskap om gratis deel te neem aan **Perde Pret** ‘n terapeutiese aktiwiteit met perde by Gan Eden plaas buite Durbanville.

***Indien u boeke, DVD’s, CD’s of viniel plate of enige ander items wil skenk kan u dit by die Bergsig kerksentrum aflaai of ons sal dit by u afgehaal.***

Vir meer inligting oor die projek en die mark skakel Hans Human by 082 549 0518.

## Betesda projek: Huis vir gestremdes

Berdine ry kos aan op Woensdae na die huis vir gestremdes in Uitzicht. Sy kan dit nie alleen doen nie - ons soek mense om haar te help veral as sy weggaan of haar kinders besoek.

Kontak dringend Annamaré as jy hiermee kan help.

# Spes Bona

Ons is op soek na ’n nommer 7 hardloopskoen (kortafstand met spikes) vir ’n graad 8 atleet wat gekies is vir Boland proewe. As enige iemand dalk bereid is om te help of by te dra sal ons dit baie waardeer. Die dogter se naam is Logan Josias en sy doen rerig baie goed in atletiek en netbal!
Baie dankie dat ek kan vra. Kontak my asb per Whatsapp op 083 235 1400 of neldarou@gmail.com




**DEUROFFER: Bediening aan Jode**

Ons reik uit na individuele Jode met die evangelie van Jesus as Messias en Verlosser en is ook betrokke by die Messiaans-Joodse gemeente, Beit Ariel in die middestad van Kaapstad wat ‘n geestelike tuiste vir Messiaanse Jode (Joodse Christene) skep.

Julle is ook baie welkom om op ‘n Vrydagaand een van Beit Ariel se dienste saam met ons by te woon en hierdie gemeentelede beter te leer ken.

Julle is welkom om ons te nooi om self te kom vertel van hoe die deuroffers aangewend word t.o.v die ondersteuning van hierdie interessante bediening.

Lees ook meer oor ons by http://getuienis.christians.co.za/simcha-bediening-aan-die-jode/



## NUUT HIER?

Onseker hoe om in te skakel? Vul 'n kaartjie in by die Nuwe Lidmaat toonbank of gebruik die skakel: **http://bit.ly/nuwelidmate** of skandeer die QR kode of

Tik dit in die "search bar" van enige "search engine" soos bv. Google. Dit sal jou na 'n vorm neem waar jou besonderhede ingevoeg kan word.
Die kerk sal jou spoedig kontak om beter te leer ken.

**Om vrywillig deel te word van die kerk se algemene WhatsApp 'broadcast' groep stuur jou naam en van na:**

**071 529 9491**

# KLEINGROEPE 2020
## KOM WORD DEEL

**Word deel van 'n Kleingroep in 2020.**

Individue, egpare, gesinne, vriendegroepe ensovoorts, kan hier registreer om deel te word van 'n kleingroep by Durbanville-Bergsig NG Kerk. Die indeling sal vroeg in 2020 plaasvind.

Kliek op hierdie skakel of scan die QR code:
http://bit.do/registreer

Registreer

**MANS TGIF** 05:45 Vrydagoggende
Luister ook na getuienisse by www.tgifcape.co.za

## VROUEBEDIENING

**Navrae: Marelize Krige 083 352 5596**
Like DURBANVILLE-BERGSIG Vrouebediening se facebook blad



Here,maak my 'n instrument van u vrede.
Waar daar haat is, laat my liefde bring.
Waar daar oortredings is, vergifnis,
waar daar twyfel is, geloof,
waar daar wanhoop is, hoop.
waar daar duisternis is, lig,
waar daar droefheid is, vreugde.
O, Heilige Meester, gee dat ek,
in plaas daarvan om vertroosting te soek,
ander sal vertroos;
om begrip te soek, andere sal verstaan;
om liefde te soek, andere sal bemin.
Want dit is deur te gee, dat ek ontvang;
deur te vergewe, dat ek vergewe word.
En dit is deur te strewe, dat ek die ewige lewe beërwe.
~St. Francis van Assisi ~

## Durbanville & Bergsig Senior groep

Die Februarie vergadering vind plaas op

Donderdag 27 Febr 2020

Plek Bergsig Gemeente

Tyd 9:30

Musiek en sangoggend waar Jeandré Odendaal as kunstenaar sal optree.

Lede wat die uitstappie na Kirstenbosch LET WEL op DINSDAG 24 Maart 2020 wil meemaak moet by bogenoemde vergadering hul R100 per lid betaal.

## Verlore goedere kis


Het jy iets verloor by die kerk?
Gaan soek dit gerus in die gang in die kis.

### EN SO HOU DIE VERSOEKE NIE OP NIE ...

Wanneer ons in die kerk vir items, skenkings, geld, tyd en selfs vra om jou talente te gebruik dan weet ons dat almal nie alles kan doen nie. Ons is 'n groot Gemeente en glo dat iemand se hartsnare vir die regte saak geroer sal raak. Kyk nou maar vir die persoon wat 'n laptop aan die House of Grace kind geskenk het. Dit is iets om oor te juig - al klink dit soos 'n drupel in die emmer.

Kom ons help 'n jong graad 7 dogter om te glo ander gee saam met haar om ⇩

Spesiale versoek van Gr. 7 dogter met sagte hart wat wil uitreik na minderbevoorregte families met babas. Sien haar versoek hier op die briefie. As jy wil bydra kontak haar ma by 082 725 7998 (Gerda)









**PLAASFEES KOMPETISIE R100 per kaartjie**

1ste: Jong-bees Agterkwart

2de : Meerendal Boutique hotel 1 nag vir 2 persone met ontbyt

3de: Familie Fotosessie

Esméralda PHOTOGRAPHY



1702 MEERENDAL WINE ESTATE






**Skryf in om 'n heerlike pryse te wen teen net R100.**

**Kaartjies by Plaasfees Gazebo op grasperk.**

**Dit is gratis om aan die Draadkar Grand Prix deel te neem. Skryf jou naam op by Plaasfees Gazebo op grasperk.**




## DRAADKAR GRAND PRIX

**KRITERIA OM IN AANMERKING TE KOM VIR DIE PRYSE:**

- WENNER:
  Tuisgemaakte, mees kreatief versierde draadkar wat die wedren voltooi, met 4 wiele op die grond.
- 10 Pretpark rit kaartjies aan deelnemer - gelukkige trekking
- 2 Ipic play aan deelnemer – gelukkige trekking
- Alle draadkarre kry geborgde item vanaf King Price Insurance, die hoofborg

**Kom koop ook gerus solank jou kaartjie by die Plaasfees Gazebo.**

**R70 volwassenes R30 kid (2-18)**

## Plaasfees Gazebo



Julle sal dit nie glo nie, maar daar is mense wat eintlik skaam is en by die Plaasfees Gazebo werk met groot ywer.

Kom ons maak hul taak vandag maklik deur die kos konvenors se kaartjies te neem en hul hande sterk te maak.

Ons benodig skenkings vir die TOMBOLA tafel - hier is nog 'n kans om jou huis te "declutter" soos die engelse sê.

Daar is ook 'n Vintage tafel wat kan doen met




## Plaasfees Blikkies Kompetisie (GlowKidz)



Ipic Play 2 x 2 ure vouchers (seuntjie en maatjie)
Sorbet Girls Manicure : 2 x voucher (dogtertjie en maatjie)
Lucky Packet van LaDiDa
2 x Milkshake vouchers van Koffieman
2 x Wimpy Vouchers (Kidz Meals, drink and Toy)
2 x Vierlanden Mini Spar Ice Slushies
10 x Plaasfees Pretpark-ritte

glow KIDZ
Kinders wat Glo en Leef met Omgee in ons Wêreld

**Die graad 4-6 oorslaap het verlede Vrydag plaasgevind. Durbanville Gemeente het saam met ons kom oorslaap.**

**Dit was vet pret! Hier speel en leer ons op 'n pret manier meer van Jesus. Ons kinder leer om hul liggies te laat skyn.**













Partykeer die tyd van die jaar hoor mens sulke gedempte gilletjies in die kerk van benoude mense wat moet sorg dat daar genoeg kos is by die Durbanville Plaasfees!

Daar moet vir meer as 7000 mense kos gegee word en nog altyd het dit uitgewerk dat daar genoeg kos was. Bergsig het nog nooit met 'n rooi gesig by die Plaasfees weggeloop nie . Ons fondse waaruit ons wins maak kom grootliks uit die kosverkope gedeelte en hier is mense wat regtig baie hard werk om dit te laat gebeur, maar hulle kan dit nie alleen sonder hulp doen nie.

Dit is die een keer per jaar wat ons daar buite in die gemeenskap as 'n kerk gaan saam werk en die publiek bedien met 'n glimlag en hoekom? Sodat ons met die gelde weer as kerk kan opvoed, oprig, versorg, beraad, bedien en die breër Durbanville dien.

Wanneer ons 'n kind toerus weet hul hoe om dienswerk buite die kerk te doen waar dit nodig is. Daarom is ons fondsinsameling van groter waarde as net vir Bergsig. Ons kan ons missionale spoor op die ou end vergroot.

Vandag vra ons dat elke lidmaat sal help om 'n bydrae te maak. Al skenk jy die kleinste dingetjie soos een pak suiker. Help bak, help werk.

Asseblief, en dankie dat ons op julle kan staatmaak!



Plase is diep gewortel in ons wese, daarom bring ons die plaas stad toe met dié fees. Baie dankie Erhard Louw van Phisantekraal dat jy jou trekker elke jaar kerk toe bring vir ons om te geniet. Daar gaan hope vermaak wees by die fees. Maak seker jy weet wie wanneer optree!



















scan to donate now
zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**
021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.
**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 018 39.728**
**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527